

Essay

Die Suid-Afrikaanse Neerlandistiek, 'n terughunkering na die Ryk?

Wium van Zyl

Een van die lesse in natuurstudie op die laerskool wat my steeds bybly, handel oor die 'parallaksfout' – dit is die oënskynlike verplasing van 'n objek as gevolg van die waarnemer se verandering in posisie.¹ Daar bestaan myns insiens steeds die gevaar van 'n parallaksfout wanneer 'n mens die Suider-Afrikaanse Neerlandistiek teenoor die Neerlandistiek in die Lae Lande stel. Dit geld ook die kombinasievak Afrikaans en Nederlands waarin die Neerlandistiek in Suider-Afrika oorleef.

'n Bepaalde aspek van die probleem is deur J.M. Coetzee geformuleer, hoewel dit nie met Afrikaans en Nederlands te make gehad het nie. Dit kan reeds teruggevoer word na 'n voorval waar die skrywer as 15-jarige vir die eerste keer 'n opname uit die werk van Bach gehoor en opeens intens bewus geraak het van die grootsheid van klassieke musiek (Kannemeyer, 2012: 78-79). Afgesien daarvan dat die seun ná hierdie voorval 'n liefhebber van klassieke musiek sou word, het dit ook, soos sy biograaf J.C. Kannemeyer dit stel: "'n meer praktiese nawerking, naamlik 'n besluit, al was dit nie volkome bewustelik nie, om hom simbolies te vereenselwig met 'n groter tradisie as die provinsiale, koloniale wêreld waaraan hy tot nog toe blootgestel was". Hy probeer dan ook kort nadat hy afgestudeer is om te emigreer, eers na Engeland en daarna die VSA. In 'n wrede wending van die geskiedenis word hy egter teruggedwing na Suid-Afrika en beland hy min of meer as banneling met die nog onvoltooide manuskrip van sy eerste roman, *Dusklands*, in 'n beskeie plaashuisie naby die gehug Leeu-Gamka in die Groot Karoo. Letterlik gemarginaliseer moet hy hier die res van die roman in 'n selfopgerigte klipskerm onder 'n boom voltooi.

Hierdie kwessie van koloniale marginaliteit teenoor die mag van die metropool kom later opnuut ter sprake in 'n lesing wat Coetzee aanbied by die ontvangs van die CNA-prys in 1979 vir *Waiting for the barbarians*. Sy vraag is eintlik of 'n Suid-Afrikaanse literatuur in Engels 'n nasionale literatuur genoem kan of behoort te word (Kannemeyer, 2012: 379). 'n Basiese probleem is hierby vir hom dat literatuur wat weg van die "metropool" tot stand kom, eintlik steeds weer daaraan uitgelewer is om onder meer die "vorme" of modelle (sowel literêr as linguisties) van die dominante sentrums te gebruik. Hy besluit

na aanleiding hiervan dat die Suid-Afrikaanse Engelse literatuur met betrekking tot Wes-Europese en Noord-Amerikaanse sentra van dominansie steeds 'n provinsiale literatuur bly. Hiermee moet die Suid-Afrikaanse skrywer eenvoudig leer om saam te leef (Kannemeyer, 2012: 380-381).

Geld dit ook die Afrikaanse skrywer in sy verhouding tot die groter Nederlandse taalgebied, en is die kombinasie Afrikaans en Nederlands 'n vergestaltung hiervan?

Vergun my nou eers enkele opmerkings oor die historiese ontwikkeling van die koloniale verbintenis tussen Nederland en Suid-Afrika wat die konteks vorm vir ons kombinasievak Afrikaans en Nederlands. Maar voor ek dit doen, wil ek nog eers iets uitklaar: Wie in Suider-Afrika het vandag 'n kulturele en dus 'n postkoloniale verbintenis met die Nederlande? Ek sou dit wil stel dat iedereen in Suider-Afrika wat Afrikaans ken, selfs slegs as tweede of derde taal, ook 'n gebruiker van Xhosa of Ovambo wat Afrikaanse woorde in sy woordeskat opgeneem het, per definisie 'n postkoloniale band met die Nederlandse kultuur het.

Histories is die staatkundige koloniale verbintenis uiters ingewikkeld en die amptelike Nederlandse standpunt dat Suid-Afrika nooit 'n kolonie was nie, is volgens die letter grotendeels korrek. Ek sou 'n uitgebreide historiese oorsig kon gee, maar die ruimte ontbreek. Twee boektitels som vir my die ontwikkelinge wel op. Allereers is daar Gerrit Schutte se studie getiteld: *Nederland en de Afrikaners: Adhesie en aversie*. Daarteenoor staan Chris Schoeman se studie oor Nederlandse deelname aan die Anglo-Boereoorlog: *Broers in die stryd*. Soos Schutte se titel aandui, was alles nie koek en ei nie, en 'n terughunkering deur die aan-die-Kaap-agtergeblewe-kolonialers om die Nederlandse kolonie as sodanig te herstel, bestaan selfs al gou ná die slag van Blouberg in 1806 (die staatkundige verbreking weens oorlog) nie meer nie. Wat wel gebeur, is dat die Nederlands-Afrikaanse taalgebied daarná enorm uitgebrei is deur binnelandse sprekers van wat Kaaps-Hollands genoem kan word. In die Noord-Kaap asook in die suide en sentrale dele van Namibië was die daadkragtigste taalverspreiders die volgelinge en onderdane van Jonker Afrikaner. In die huidige Vrystaat en wat tot onlangs die Transvaal genoem is, was dit die Voortrekkers asook die sogenaamde 'emigrante'-trekboere naas die Griekwas.

Binne die ou Nederlandse koloniale grense van die VOC sou hierna 'n stryd uitbreek tussen Nederlandse puriste en diegene wat Nederlands wou vervang met die plaaslike variant, Kaaps-Hollands – dus met ongestandaardiseerde Afrikaans. Dit lei tot kompromisse wat insluit dat die studierigting Nederlands by universiteite uiteindelik met 'n kombinasievak Nederlands en Afrikaans vervang is.

Die 20ste eeu sou nog een groot simboliese uitreiking vanuit 'n verenigde Suid-Afrikaanse staat na Nederland bied – die Van Riebeeck-fees van 1952 wat gehou is om die VOC-vestiging en sogenaamde 'volksplanting' van 1652 te herdenk. En oor alles sou op daardie stadium die vlag van die 'ou Suid-Afrika' wapper: die oranje blanje blou van die VOC met daarbinne ook nog twee miniature van die Nederlandse vlag ingeslote in die ou vlage van die gewese Nederlandse republieke. In hierdie kader sou ook 'n kultuurverdrag gesluit word. Twee dekades daarna sou die twee lande uiteen begin dryf juis op grond van etiese verskille oor wat in wese koloniale problematiek was. Ternouernood sou die kombinasievak egter aan die meeste Suider-Afrikaanse universiteite gehandhaaf word. Resentlik is die breuk in 'n mate oorbrug, onder meer deur inisiatiewe van die Nederlandse Taalunie.

Die heftige dekolonisasiegolf wat in die tweede helfte van die 20ste eeu oor die aarde gespoel het, het egter deeglik beklemtoon dat al wapper die Nederlandse vlag ongeveer nêrens meer oor die 'resten van tropisch Nederland' nie, bly die metropool nog bestaan. Die kreet "Indië verloren, rampspoed geboren" tydens en kort ná die dekolonisasie van die huidige Indonesië het totaal onjuis geblyk. Nederland het selfs 'n kort nuwe Goue Eeu beleef en daar word gefluister dat die land eintlik besonder goedkoop van sy kolonies ontslae geraak het. Dieselfde geld waarskynlik België as laat toetreder tot die Europese koloniale avonture. Beide lande tel ná die globale dekolonisasieproses steeds onder die sterkste ekonomieë ter wêreld. Saam met die koloniale revolusie het daar naamlik ook 'n ekonomiese revolusie plaasgevind waardeur grondgebied en direkte beheer oor grondstowwe veel minder deurslaggewend geraak het. Vanuit lande soos Suid-Afrika gesien, lyk hierdie twee metropole soos dwerge, maar in werklikheid is dit beskeie ekonomiese reuse waarvan burgerskap uiters waardevol is. Die verenigde Suid-Afrika wat daarenteen in 1910 tot stand gekom het, het die voorkoms van 'n reus, maar is eerder 'n ekonomiese dwerg met burgerskapsvoordele wat veel te wense oorlaat.

Dit is die konteks waarbinne diegene met Nederlandse kultuurbande hulself vandag kan afvra of die Nederlandse metropool vir hulle nog iets te bied het.

Vergun my om ook nog te vertel van 'n slegte droom wat my steeds tormenteer: Ek is self iemand wat 'n loopbaan lank groot voordeel getrek het uit die doktoraal 'ouwe styl' wat ek in die jare sewentig danksy die kultuurbetrekkinge toegelaat is om in Utrecht te voltooi. Daar kom egter gereeld 'n toneel by my op van iets wat plaasgevind het pas ná afloop van die Slag van Blouberg in 1806 toe die Bataafse Republiek die Kaap finaal

moes afgee. Die sendeling Henry Martyn skryf in sy dagboek hoe onder die vele gewondes wat hy op die slagveld besoek het, ook 'n gewonde Pandoer gelê het, 'n inlander wat die Kaap help verdedig het: "Sy been was in die heup afgeskiet en in sy doodsworsteling het hy die sand gebyt en die Hollanders met die vreeslikste woorde gevloek" (Krynauw, 1999: 105). Hy was iemand wat hom ten diepste in die steek gelaat gevoel het deur die koloniale verbintenis. Vir my as Suider-Afrikaanse Neerlandikus om hom te vergeet, voel na bittere verraad. Hoe moet postkoloniale skakelpersone soos ekself optree om hierdie landgenoot nie in die steek te laat nie? Meer daaroor later.

Suider-Afrikaanse Neerlandici en mense wat ingelig is oor Nederland weet vandag dat die metropool moreel nie soveel het om mee te spog as wat die swaaiende vingertjie in die jare sewentig en tagtig pretendeer het nie. Ek hoef in dié verband slegs te verwys na twee boeke: Olf Praamstra en Peter van Zonneveld se *Omstreden paradijs: Ooggetuigen van Nederlands-Indië* (2010) en Herman Vuijsje se *Correct: Weldenkend Nederland sinds de jaren zestig* (2008). *Omstreden paradijs* bevat onder meer voorbeelde van verskriklike koloniale misstappe onder die Nederlandse vlag. Vuijsje analyseer op sy beurt die teenstrydige en selfs korrupte aard van die politieke korrektheid waardeur die Nederlandse samelewing en politiek oorheers is juis toe die land probeer het om die status van internasionale etiese 'gidslaan' te verwerf. Ten opsigte van België – waar ek terloops nooit 'n vingertjie gewaar het nie – kan mens maar Thomas Pakenham se *The scramble for Africa* (1991) lees, en dan Van Reybrouck se *Congo* (2010).

Dit is wel geen rede om die moderne Nederlandse klem op demokrasie, inklusiwiteit en onderlinge mededoel asook die debat oor die instandhouding van sodanige waardes nie óók te beskou as iets positiefs wat die metropool te bied het nie.

Miskien is die vernaamste kenmerk van 'n metropool dat dit in staat is om enige kritiek en skuldgevoel te oorleef. Dit dui trouens op die voorwaarde van mag: soos 'n Russiese kollega-Neerlandikus, Igor Bratoes,² op 'n keer genoem het: 'n taal en kultuur bestaan pas as dit ook oor 'n leer beskik. Die verdedigingsmag kan natuurlik ook ekonomies van aard wees.

Die Afrikaanssprekendes op die rand van die Nederlandse Ryk verteenwoordig daarteenoor tans 'n kultuur sonder 'n leer en met min mag. Die postkoloniale verhouding ten opsigte van die Lae Lande waarvoor vorige generasies Afrikaanssprekendes die illusie gehad het dat dit nagenoeg irrelevant is, word wel tans deur hierdie situasie geaksentueer.

Eie sisteem

Veral in die departemente Afrikaans en Nederlands is 'n mens hiervan bewus. Ek wil vervolgens net soos Coetzee die fokus plaas op die letterkunde as kulturele verhoudingsterrein.

Na aanleiding van J.M. Coetzee se uitsprake noem Kannemeyer (2012: 377) dat die kwessie eintlik reeds 44 jaar tevore in 1936 deur Coetzee se Afrikaanse landgenoot, N.P. van Wyk Louw, in 'n lesing geopper is:

In dié lesing verset Van Wyk Louw hom teen die “gemoedelike lokale realisme” wat in die Afrikaanse literatuur [...] veral in die prosa oorheers. Dit kom volgens hom neer op 'n koloniale en dus “fragmentariese” literatuur wat nie die “volle menslikheid” omvat nie. Teenoor hierdie beperkte opvatting van dié literatuur kom Van Wyk Louw dan by die visioen wat hy vir die Afrikaanse literatuur het, naamlik dat skrywers en sprekers in Afrikaans alles moet kan sê wat ook in Europese tale geskryf en gepraat word. Solank mense sou sê dat dít of dát goed pas in die Europese tale, maar nie in Afrikaans nie, is dit 'n vorm van verknegting vir Afrikaans en vir die mense wat Afrikaans praat. Wanneer enige hartstog of gedagte wat 'n Afrikaanse mens kon beleef of kon gedink het, prinsipieel nie in die Afrikaanse letterkunde pas nie, is Afrikaans nog 'n kolonie van 'n vreemde kultuur. Dit veronderstel dat Engels, Duits en Nederlands universeel is, maar dat Afrikaans lokaal bly.

In die Afrikaanse letterkunde was die skatpligtigheid ten opsigte van die Nederlandse metropole teen 1936 nog groot. Wanneer die Afrikaanse poësie ná 1900 op dreef kom, soek twee van die voorste jong digters, sowel C. Louis Leipoldt as Totius, byvoorbeeld nog advies by Albert Verwey. Verwey gee vervolgens wyslik voorkeur aan twee aspekte by Leipoldt: dat hy digby die spreektaal bly en dat hy stem gee aan die Suid-Afrikaanse natuur – dus omdat hy meer Suid-Afrikaans is (Van Halsema, 1996).

Verskeie oorspronklik Nederlandstalige skrywers wat Afrikaans as medium aangryp het, het op 'n deurslaggewend vroeë stadium enorme waarde toegevoeg. Ek noem maar twee wat elkeen verbind kan word met ingrypende historiese gebeurtenisse. Daar is uiteraard heelwat meer. Die een skrywer wat kort ná 1936 reeds gesorg het vir 'n roman op die vlak wat Van Wyk Louw dit gestel het, was J. van Melle met sy *En ek is ... nog hy* uit 1942 wat later die titel *Bart Nel* gekry het. Dit is 'n roman wat afspeel in die ramspoedige Rebelle van 1914 waaraan hy self deelgeneem het. Oor 'n tweede groot ramp, die ekonomiese insinking van 1933, skryf Jochem van Bruggen. In sy romantrilogie oor die Ampie-figuur probeer hy nie slegs indring in die mentaliteit van die slagoffers van armoede nie, maar dui hy ook oplossings aan.

Ook in die literêre kritiek is daar Nederlanders wat 'n uiters belangrike rol gespeel het. Dit begin al in die 19de eeu met C.P. Hoogenhout, 'n Nederlandse immigrant gemasker agter die uiters Afrikaans klinkende pseudoniem 'Oom Jan wat versies maak'. Hy is die poësieredakteur van die eerste Afrikaanstalige blad, *Die Afrikaanse Patriot*, wat digters aanmoedig, hul werk regstel en self ook skryf. In die 20ste eeu ken die Afrikaanse letterkunde veral twee groot inhaalpogings, vergelykbaar met die Beweging van Tachtig en die Vijftigers in Nederland: dit is die Dertigers en die Sestigers. In beide gevalle raak daar 'n belangrike Nederlandse kritikus as begeleier betrokke. In die geval van die Dertigers is dit H.A. Mulder en by die Sestigers Jan Greshoff.

Sowel die Dertigers as die Sestigers sorg dat Van Wyk Louw se ideaal grootliks verwesenlik word. Na dese kon nie meer gesê word dat die Afrikaanse literatuur nie 'n eie karakter, 'n eie sisteem met behoorlik veel kwaliteit tot stand gebring het nie. Die Nederlandse medewerking verdwyn nie, onder meer as gevolg van die vakkombinasie Afrikaans en Nederlands. Dit neem egter opvallend af.

Dus: hierdie ontwikkeling was oorsigtelik gestel 'n besonder suksesvolle en harmonieuse dekolonisasieproses waaruit 'n eie literêre sisteem vir Afrikaans ontwikkel is. Die deelname van Nederlandse en Vlaamse letterkundiges aan Ronel Foster se projek met die bundels *Over grenzen / Oor grense* (2009) en *Toenaderingen* (2013) asook aan Peter Liebregts, Olf Praamstra en my eie bundel *Zo ver & zo dichtbij* (2013) is 'n bevestiging van 'n hernieude sfeer van vriendelike relasies, al het die kulturele boikot vanuit Nederland in die jare sewentig en tagtig dit op 'n stadium ernstig beperk. Die titel wat Praamstra bedink het, is trouens 'n sprekende definisie van hierdie betrekkinge. Die groter geheel van die Nederlandse taalgebied word hierdeur bevestig.

Omdat die Afrikaanse letterkunde 'n eie sisteem ontwikkel het, kan dit inderdaad met selfvertroue binne die vakkombinasie Afrikaans en Nederlands bestaan. Dit verkeer dus prinsipiële nie in die posisie wat Coetzee beskryf omtrent die Engelse Suid-Afrikaanse literatuur nie.

Wat die geskiedenis van die betrekkinge binne die groter Nederlandse taalgebied betref, kan daar natuurlik heelwat staaltjies en voorvalle genoem word: Steeds ontstellend vir my is die digter Leipoldt se desperate optrede toe hy in Mei 1940 die nuus ontvang van die Duitse inval in Nederland. Hy het hom na die parlamentsgebou in Kaapstad gehaas en leiers van alle partye genader om 'n gesamentlike protesverklaring uit te reik. Sy poging het klaaglik misluk. Hierteenoor staan N.P. van Wyk Louw, W.E.G. Louw en D.B. Bosman se bloemlesing wat in Augustus van dieselfde jaar gepubliseer is onder die titel: *Tussen die engtes: 'n Afrikaanse versameling ten behoeve van Nederlandse*

skrywers. Byna alle Afrikaanse skrywers van naam het bydraes gelewer. Greshoff noem in sy nawoord dat die boek “een getuigenis” is “van trouw en kameraadschap, waarvan men de beteekenis moeilijk overschatten kan”. Hy sluit sy stuk onder meer met die volgende uitspraak af: “Het is nu eenmaal de bittere taak van kunstenaars en denkers om in deze wereld telkens weer opnieuw de schade te herstellen door de mannen van de daad aangericht”.

Ek wil terugkeer na bepaalde aspekte van hierdie verbintenis wat die vakkombinasie Afrikaans en Nederlands raak.

Klassieke

’n Eerste punt wat ek in dié opsig wil opper, word eintlik ook deur Greshoff in sy nawoord by *Tussen die engtes* aangeraak en het met die reeds genoemde parallaksfout te make. Greshoff sê: “De Afrikaansche litteratuur, welke het voorloopig zonder eeuwenoude overlevering en zonder een talrijke lezerskring moet stellen, heeft een onvergelyklijk toonbeeld van levenswil en levenskracht gesteld” (Bosman, Louw en Louw, 1940: 205). Dat die Afrikaanse letterkunde en taal “voorloopig zonder eeuwenoude overlevering” sou bestaan, is ondanks die vriendelikheid van Greshoff se woorde ’n ernstige koloniale misvatting van buite wat oor baie jare ook nog versterk is deur ’n verdraaide nasionalistiese blik van binne die Afrikaanssprekende wêreld. Ek verwys na die illusie dat Afrikaans ’n jong taal sou wees. Die Afrikaanse taal is inteendeel, soos Abraham de Vries by geleentheid uitgewys het, net so oud soos alle Germaanse tale.

Die radikale vernuwings en selfs roekelose aanpassings van Nederlandse variante waardeur Afrikaans gevorm is, het ’n basis gehad waarop dit gedoen is, anders was dit immers nie moontlik nie. Hierdie basis was Nederlands. Dit beteken dat sowel die historiese taalkunde as letterkunde van Nederlands ook erfgoed is van Afrikaans. Dit is natuurlik elke individu se keuse of hy of sy ’n erfenis wil opneem. By akademiese studie van Afrikaans het ons myns insiens in beginsel nie so ’n keuse nie, want dan beperk ons die terrein kunsmatig en op ’n leuenagtige manier. Om hierdie erfgoed te ignoreer en volkome aan die metropool oor te laat, sou eweneens neerkom op ’n “verknegting”, om Van Wyk Louw se term oor te neem.

Wat die waarde van letterkundige klassieke betref, wil ek Herman Pleij aanhaal. Pleij (1994: 17) wys daarop dat die erkenning van ’n taal se klassieke werke te make het met die erkenning van beskawing as sodanig. Grondliggend aan alle idees omtrent verbeteringe is daar telkens ’n gewysigde historiese besef:

[B]ruggen bouwen, opereren en naar de maan gaan [hebben te maken] met ideologie en etiek, die vooral in de literatuur zijn aangemaakt. En hoe verder men teruggaat, hoe sterker de rol van literatuur daarbij blijkt te zijn. Literatuur maakt stemming en opinieert. Hoe kan men dan ooit deze tonteldoos of doofpot van standpunten en emoties terzijde schuiven, terwijl men zelf bij gratie daarvan rondloopt en over de toekomst mag denken? Een dergelijke besef van cultuur moet het lezen en koesteren van de eigen klassieke een bescheiden maar volwaardige plaats teruggeven in elk beschaafd opvoedingssysteem.

“Bescheiden” is sekerlik ’n belangrike kwalifikasie. En los van die eietydse aktualiteit hoef dit ook nie beskou te word nie. Soos die Italiaanse literator Italo Calvino (1994: 163) dit stel: “Klassiek is dat wat de aktualiteit tot achtergrondlawaai neigt te degraderen, maar wat tegeliktijd niet zonder dat achtergrondlawaai kan”.

Aandag aan die Suider-Afrikaanse aktualiteit sou dus ’n rol kon speel by die keuse van die klassieke erfgoed wat ons onder ons studente se aandag bring. Met *Elckerlijc* hoef daar byvoorbeeld nooit ’n probleem te wees nie. Yves van Kempen (1994: 138) noem: “Het gewetensonderzoek is vermoedelijk de belangrijkste erfenis die het christendom de moderne mens heeft nagelaten”. *Elckerlijc* vergestalt onder meer ’n belangrike stap in hierdie beskawingsontwikkeling. Hierteenoor staan “die wrede een met die rooi baard”,³ die *Reynaert* wat juis weer steeds by elke tree van vooruitgang aan die hakskeen van die beskawing byt. En mag ons Thomas Francois Burgers bly ignoreer wat in sy *Toneelen uit ons dorp* ’n Suid-Afrikaanse verhalende letterkunde aankondig en dit open met ratse verbale rapierspel?

Literêre kritiek

’n Volgende blik wil ek werp op die literêre kritiek. Ontwikkel die gewese kolonie eie maatstawwe wat by ’n eie situasie pas, of word pasklaar kriteria onderdanig uit die metropole oorgeneem?

In een van die eerste stadiums van die literêre kritiek vir Afrikaans was die kriterium wat na vore gekom het dat werke, soos Rialette Wiehahn (1965: 1-5) dit stel, “’n weerspieëling van die nasionale werklikheid” moet wees. Dit is wel uitgesproke de-koloniserend, maar nie noodwendig deurgaans positief nie. Reeds in die jare dertig skep C. Louis Leipoldt byvoorbeeld in sy roman *The mask* ’n figuur, ene Mr Mabuis, wat op die negatiewe kant van hierdie soort benadering wys. Volgens hom lei hierdie eis omtrent die nasionale werklikheid daarheen dat literatuur geleidelik gereduseer word tot nasionalistiese propaganda-literatuur (Leipoldt, 2001: 559).

Die vernuwende beweging van die Dertigers sluit in teenstelling hiermee in wese aan by die Nederlandse Tachtigers en Willem Kloos se kriterium dat “poëzie moet zijn de allerindividueelste expressie van de allerindividueelste emotie”. Daar word dus met wins vir die ontwikkelende Afrikaanse literêre sisteem teruggegryp na standarde uit die metropool.

’n Volgende belangrike sprong in die kritiek, die teksimmanente benadering van die jare vyftig, kan eweneens teruggevoer word na Nederland en spesifiek na prof. Hellinga in Amsterdam. Sy vernaamste medewerker is Merwe Scholtz. Hier is dus sprake van samewerking, ’n groot harmonie tussen die metropool en die eks-kolonie. Helaas is ook dit nie sonder meer positief nie, want in Afrikaans veroorsaak dit dat die maatskappykritiese vorme van literêre kritiek vervolgens lank geïgnoreer of onderbeklemtoon word.

’n Baken is Chris van der Merwe en Hein Viljoen se studiegids *Alkant olifant: ’n Inleiding tot die literatuurwetenskap* (1998). Hierdie boek is wel in ’n mate gemodelleer op Rien Segers se *Vormen van literatuurwetenskap* (1985). Dit bied in die proses ’n oop benadering waarmee die student en kritikus na alle kante kan beweeg. Van literêre ketterye kan hier geen sprake wees nie. Dit geld seker ook die huidige verhouding tussen metropool en die eks-kolonie ten opsigte van literêre kritiek.

Die kombinasie Afrikaans en Nederlands bied tans ook groter geleentheid vir individuele wedersydse kritiek oor die grense van die literatuursisteme heen. ’n Goeie voorbeeld is vir my Annie van den Oever (2007: 87) se opmerking in ’n artikel in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* oor Marlene van Niekerk se *Agaat*. Sy skryf:

Hoewel alleen binnen de geschiedenis van de romankunst aan complexe romans recht kan worden gedaan, ligt in beladen politieke situaties als die waarin Zuid-Afrika momenteel verkeert een uitgesproken politieke lectuur niettemin op de loer. Romans dreigen in een dergelijke situatie te worden gelezen binnen de context van de vaderlandse geschiedenis en als een kritiek erop. Omdat het land in radicaal verschillende fracties en posities uiteen dreigt te vallen, is, ook voor de literaire kritiek, de verleiding groot om romans te reduceren tot een stem en een positie in dit politieke debat (waarin de critici bovendien zelf ook partij zijn).

’n Waarskuwing soos hierdie aan die Afrikaanse kritiek sou ek nie wou mis of as ’n teken van meerderwaardigheid uit die metropool beskou nie. Persoonlik voel ek trouens net soos sy by die lees van stompsinnighede wat sommige kritici in die Nederlande oor die werk van W.F. Hermans kwytergaak het.

Eietydse literatuur

En dan nog 'n vraag: Hoe sinvol is dit om die twee (of as 'n mens Ton Anbeek mag glo, selfs drie) letterkundes in een studierigting steeds naas en teenoor mekaar te plaas?

Daar het wel die afgelope twee dekades in dié opsig 'n ongekende uitwisseling tussen die eks-kolonie en die metropole plaasgevind. As Susan van der Ree haar studie *Caleidoscoop* oor vertaalde werke uit Suid-Afrika in Nederlands uit 1996 vandag sou herskryf, sal dit flink in dikte moet toeneem. Ek verwys na die aanbod van wedersydse vertalings. 'n Uitspraak van Daniel Hugo in die begin van hierdie ontwikkeling was kennelik tereg. Hy het daarop gewys dat dit 'n illusie is dat die publiek in die Nederlandse Afrikaans sou lees en Afrikaanse lesers Nederlands en dat so 'n idealistiese droom literêre uitwisseling ernstig ondermyn. Nuwe werke deur die belangrikste skrywers van literêre romans in Afrikaans word tans byna outomaties in Nederlands vertaal en in 'n mindere mate Nederlandse werke ook in Afrikaans.

Hoewel die vertaalde werke uit Afrikaans maar 'n klein deel uitmaak van die groot korpus van vertaalde werke wat in Nederlands verskyn, is die handelsbalans wel deeglik in die guns van Afrikaans. Wat hierdeur bevestig word, is dat die eks-kolonie daarin geslaag het om literêre produkte te lewer van uitvoergehalte en indien miskien nie voorheen nie dan nou wel met selfvertroue binne die vakkombinasie Afrikaans en Nederlands kan bestaan.

Hierdie ontwikkeling bied ook bykomende ruimte vir die Suider-Afrikaanse Neerlandikus. Ek was die afgelope jare betrokke by verskeie vertalerswerkwinkels ten opsigte van die twee tale en dit het geblyk dat ons hier met 'n uitstekende didaktiese instrument te make het by die beoefening van die Neerlandistiek in Suider-Afrika.

Dui die handelsbalans daarop dat die hedendaagse Nederlandstalige letterkunde dan minder te bied het vir die Afrikaanse leserspubliek? In 'n onderhoud met Herman Wasserman in *Die Burger* op 8 Maart 2000, beweer Adriaan van Dis dat die Nederlandse letterkunde “niks te sê” het vir die Afrikaanse letterkunde nie. Ek het gevoel dat ek daarop moet antwoord en ek haal aan uit my vervolgende koerantbrief: “Ek sou baie jammer wees as my landgenote (vir Adriaan van Dis) op sy woord neem. Dit is immers onsin dat vakmense nie by ander vakmense kan leer nie. Die Nederlandse skrywers van ons tyd beskik wel nie oor dieselfde skatkis van opwindende ellende as Suid-Afrikaners om temas vandaan te haal nie. Die beste roman oor die problematiek waaroor ons beroemde en berugte Waarheidskommissie hom gebuig het, bly vir my egter steeds Harry Mulisch se *De aanslag*.”

Hiermee het ek hopelik ook reeds die byna onnodige vraag beantwoord of die moderne Nederlandse letterkunde steeds sy posisie binne die kombinasie Afrikaans en Nederlands regverdig.

Woordeskat

Ek wil 'n volgende kwessie aanraak: Ek het al meermale goedbedoelende Nederlandse kollegas hoor sê dit is nou alles goed en wel om 'n taal soos Afrikaans te hê, maar hulle sou nie weet hoe om met so 'n beperkte woordeskat om te gaan nie. So 'n vraag verwoord nogeens 'n koloniale parallaksfout. Deel van die erfgoed van Afrikaans is immers die totale Nederlandse woordeskat plus 'n hoeveelheid woorde wat oor die onlangse eeue tot die taal toegevoeg is. Sowel Nederlands as Afrikaans is ook steeds dinamiese woordfabrieke. Die keuse lê by die eks-kolonie om gebruik te maak van sy erfenis wat trouens daagliks rente trek. Afrikaans beleef wel tans 'n tyd van selfopgelegde woordeskatarmoede. Sprekers voel hulself geroepe tot 'n bedelorde van die taal. Hierteenoor staan egter Afrikaanse skrywers soos Marlene van Niekerk en Daniel Hugo wat steeds meer intensief van die groter Nederlands-Afrikaanse taalbron gebruik maak. Dit is myns insiens deel van die Suider-Afrikaanse Neerlandikus se taak om die bedelorde te ignoreer en die aandag op hierdie groot bate te vestig.

Leefruimte

Dit moet uit my relaas vir u duidelik wees dat die verbintenis van die metropool, in soverre 'n mens die Nederlandse 'n metropool kan noem, 'n lang en nogal ingewikkelde geskiedenis het, maar wel bestaan. Die behoud daarvan hou ten minste vir die eks-kolonie waarde in. 'n Verbreking hiervan sou skadelik wees en is ook solank Afrikaans bestaan nie werklik moontlik nie. 'n Mens sou trouens heelwat meer voordele kon opnoem. Die snelle ontwikkeling van Afrikaans was immers slegs moontlik omdat dit in wese die standaardisering van 'n variant van 'n reeds deeglik gevestigde taal was.

Die skrywer Francois Bloemhof het by geleentheid omtrent die kombinasievak Afrikaans en Nederlands genoem dat hy liever in 'n swembad swem as in 'n bad. Hiermee het hy bedoel die kombinasievak, die verbintenis met die Ryk, bied vir hom die groter ruimte wat hy seek. Dit raak aan Van Wyk Louw se bekende argument dat Nederlands vir Afrikaans 'n venster bied op Europa. Intussen het ten minste sommige van ons vasgestel dat hierdie venster nie slegs op Europa uitkyk nie: ook die Ooste en Suid-Amerika kan hierby ingesluit

word. Hierdie winste vir die Afrikaanssprekende is egter op die terrein van die Afrikanistiek slegs moontlik as die kombinasie Afrikaans-Nederlands as vakdisipline gehandhaaf word ondanks die probleme wat dit inhou, soos die beperking op doseertyd en akademiese inhoud.

Die vertrekpunt by 'n kombinasie Afrikaans en Nederlands in ons land kan egter nooit iets anders wees nie as die Suider-Afrikaanse situasie en behoeftes, en dus Afrikaans. Dit is waarom daar binne die kombinasie 'n tradisie ontwikkel het van die beoefening van die Neerlandistiek deur die medium van Afrikaans. Hierdeur is die gevaar van intimidasie deur die metropole na die agtergrond verskuif en kan die toetredende Afrikaanssprekende Neerlandikus selfvertroue en mede-eienaarskap ervaar. Nederlands is bowendien nie een van die wêreld se kannibaal-tale nie.

Ek wil ten slotte terugkeer na daardie sterwende landgenoot wat in die Nederlandse taal of moontlik in Afrikaans gelê en vloek het in die sand op die slagveld by Blouberg.

Dit wat die groot Afrikaans-projek genoem kan word, kan slegs in sekuriteit voortgesit word as alle aandeelhouders daar dividende en voordeel aan behaal. En wie is die aandeelhouders? Dit is iedereen wat Afrikaans gebruik, nie eens slegs moedertaalsprekers nie. Dit geld ook die ontginning van die voordele wat die groter Nederlandse taalgebied en die metropole bied. Toegang tot Nederlands en die Nederlande is duidelik een van die hoër funksies van Afrikaans en mag die aandeelhouders nie ontnem word nie. Dit hou onder meer in dat dit vir knap studente in Afrikaans en Nederlands so maklik moontlik gemaak moet word om sigbaar die groter ruimte te benut deur byvoorbeeld 'n tyd in Nederland of Vlaandere te gaan studeer. Hierby wil ek nie die studierigting Nederlands elders ter wêreld uitsluit nie. En ek hoop dat daar uiteindelik ook geleentheid by die derde taalunie-partner, Suriname, sal ontstaan vir Afrikaanse studente. 'n Departement Afrikaans en Nederlands wat nie aktief hieraan werk nie, ontgin nie die moontlikhede van die kombinasie, en eintlik die moontlikhede wat Afrikaans bied, maksimaal nie. Dit kan die Nederlandse komponent binne die kombinasie trouens laat verval tot 'n gehate obstruksie. 'n Mens sou selfs verder kon gaan: 'n Departement Afrikaans en Nederlands sou ook vir die res van die universiteit waaraan dit verbonde is as 'n aantreklike skakel met die Nederlande kon dien en so te meer voordele uit die eks-koloniale verbintenis maak.

As alle aandeelhouders danksy die Suider-Afrikaanse Neerlandistiek toegang het tot dividende uit hierdie Afrikaans-Nederlandse projek, sal ons seker wees dat daardie pandoer wat by Blouberg lê en sterf het, nie verniet gesneuwel het nie en in vrede kan rus.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Bosman, D.B., Louw, N.P. van Wyk en Louw, W.E.G. (reds.). 1940. *Tussen die engtes: 'n Afrikaanse versameling ten behoeve van Nederlandse skrywers*. Kaapstad: Hollands-Afrikaanse Uitgewersmaatskappy.
- Calvino, I. 1994. Waarom je klassieke boeken moet lezen. Vertaal deur Arnan Oberski. *Raster* 68: 158-164.
- Foster, R., T'Sjoen, Y. en Vaessens, T. (reds.). 2009. *Over grenzen / Oor grense*. Leuven: Acco.
- Foster, R. en T'Sjoen, Y. (reds.). 2012. *Toenaderingen*. Leuven: Acco.
- Kannemeyer, J.C. 2012. *J.M.Coetzee: 'n Geskryfde lewe*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Krynauw, D.W. 1999. *Beslissing by Blouberg: Triomf en tragedie van die stryd om die Kaap*. Kaapstad: Tafelberg.
- Leipoldt, C.L. 2001. *The valley: A trilogy*. Kaapstad: Stormberg.
- Liebrechts, P., Praamstra, O. en Van Zyl, W. (reds.). 2013. *Zo ver & zo dichtbij: Literaire betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.
- Pakenham, T. 1991. *The scramble for Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Pleij, H. 1994. Modern wanbeheer van de Nederlandse klassieken. *Raster* 68: 8-17.
- Praamstra, O. en Van Zonneveld, P. (reds.). 2010. *Omstreden paradijs: Ooggetuigen van Nederlands-Indië*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Schoeman, C. 2011. *Broers in die stryd: Hollanders in die Anglo-Boereoorlog*. Kaapstad: Zebra Press.
- Schutte, G.J. 1986. *Nederland en de Afrikaners: Adhesie en aversie*. Franeker: Uitgeverij T. Wever B.V.
- Segers, R.T. 1985. *Vormen van literatuurwetenschap*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Van Bruggen, J. 1965. *Ampie: Die trilogie*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Van Daele, H. 2013. *Reinaard die vos: Die wrede een met die rooi baard*. Vertaal deur Daniel Hugo. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Van den Oever, A. 2007. Twee "vrolijke schrijvers". Boon, Van Niekerk en de vernieuwing van de roman. *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans* 14(2): 77-96.
- Van der Merwe, C.N. en Viljoen, H. 1998. *Alkant olifant: 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.
- Van der Ree, S. 1996. *Caleidoscoop: Een bibliografisch overzicht van literatuur uit Zuid-Afrika in Nederlandse vertaling*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.

- Van Halsema, J.D.F.** 1996. 'Sprak' en 'skriftuur' of Leipoldt versus Totius: Het tweede Zuid-Afrikaanse intermezzo in Albert Verweys dichterskap. *Voortgang, Jaarboek voor de Neerlandistiek* 16: 91-113.
- Van Kempen, Y.** 1994. Den spyegel der salicheyt van *Elckerlijc* (ca. 1475). *Raster* 68: 133-139.
- Van Melle, J.** 1942. *En ek is ... nog hy*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Van Reybrouck, D.** 2010. *Congo: Een geskiedenis*. Antwerpen: De Bezige Bij.
- Vuijsje, H.** 2008. *Correct: Weldenkend Nederland sinds de jaren zestig*. 3de uitgawe. Amsterdam: Olympus.
- Wasserman, H.** 2000. Nederlanders moet stilbly en by SA leer – Adriaan van Dis. *Die Burger*, 8 Mrt.
- Wiehahn, R.** 1965. *Die Afrikaanse poësiekritiek: 'n Histories-teoretiese beskouing*. Kaapstad: Academica.

Note

1. Hierdie essay is 'n gewysigde weergawe van 'n referaat gelewer by die agtste Internasionale Kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek aangebied deur die Universiteit van die Vrystaat in Thaba Nchu, 30 Junie tot 2 Julie 2014. 'n Weergawe daarvan is ook op NeerlandiNet gepubliseer op 14 Augustus 2014 as deel van die Poolshoogte-gesprekreeks.
2. Neerlandikus aan die Universiteit van St. Petersburg, 'n goeie vriend van die skrywer.
3. Ek haal aan uit Daniel Hugo se Afrikaanse vertaling van die gemoderniseerde *Reinaard die vos* deur Henri van Daele wat in 2013 by Protea Boekhuis verskyn het.